NOTULE VAN U.K. VERGADERING GEHOU OP
26 APRIL 1961.

TEENWOORDIG:

Ds. P.S.Z. Coetzee, (Voorsitter); Ds. J.J. Fourie;
Die Alg. Sendingsekretaris en die Org. Sendingsekretaris.

Die notule van die vorige U.K. vergadering word gelees, goedgekeur en geteken.

BUITELAND:

Sake vloeiende uit Oostelike Raadskommissie Notule Maart 1961.

1. RADIOVERBINDINGE: (S.A.S.K.- R.K./1)

Die Firma Phillips Rhodesië word genader om aan die S.A.S.K.

(a) 'n afgeronde kwotasie te lewer vir die oprigting van die Radioverbinding in verband met die Stasies Kamoto, Merwe, Nyanje met basis Fort Jameson. en

(b) enige ander stasie indien nodig.

2. REGLEMENT: Meubels van Opvoedkundige Departement: (R.K./3):

Goedgekeur.

3. PERMANENTE BOUHEER: (R.K./11):

Kennis geneem dat 'n permanente bouheer noodsaaklik is.

4. MOTORTOELAE SENDINGPERSONEEL: (R.K. /17):

Hierdie saak word opgedra aan die Afgevaardigdes na N.O. Rhodesië vir bespreking met die Raad in Junie eerskomende.

5. SENDING METODIEK: KOMMISSIE I/S: (R.K./19):

Die U.K. het kennis geneem van hierdie versoek, maar siende die koste aan so 'n verteenwoordiging verbonde sien die U.K. nie sy weg oop om aan hierdie versoek te voldoen nie, nl. dat 'n verteenwoordiger uit die Buitelandse Sending ook op hierdie Kommissie sal dien nie. Die Sending Raad sal egter van tyd tot tyd op hoogte gehou word met die bevindinge van hierdie Kommissie van ondersoek. Die Kommissie sal die skriftelike getuienis van die Raad baie graag in ontvangs neem oor hulle siening in verband met die hele beleid insake Sending Metodiek.

6. I/S: DEPUTASIEWERK: (R.K.(25):

Goedgekeur.

2/.....

7. BEDANKINGS: (R.K. /37):

Kennis geneem. 'n Brief van waardering sal ook gerig word aan Mnr. N.F. Botha vir sy jarelange dienste aan die Sending wat hoog op prys gestel word deur die S.A.S.K.

8. VERLOFTYE: (R.K./38):

Goedgekeur.

9. OPERASIE MEJ. J. TERBLANCHE: (R.K./39):

Kennis geneem.

10. BEROEPE: (R.K./41):

Kennis geneem. Briewe van waardering sal aan hierdie persone gerig word.

11. INWYDING SEKONDÊRESKOOL: (R.K./51):

Nadat die Alg. Sendingsekretaris verneem het wat die koste in verband hiermee is sal besluit word in hoeverre hulp sal kan verleen word.

12. MEDIESE BEHANDELING VAN SENDELINGE: (R.K./60):

Wat (a) en (b) betref word kennis geneem van die sake, maar wat betref (c) - die basiese skaal - besluit die vergadering dat daar geen basiese skaal vasgestel kan word nie. Die U.K. sal soos in die verlede, elke geval op sy eie meriete behandel.

13. WERKSAAMHEDE TE NYANJE NA VERTREK DR. G. VAN ROOYEN: (R.K.

Met leedwese word kennis geneem van die voorgenome vertrek van Dr. en Mevr. G. van Rooyen. Die Alg. Sendingsekretaris sal 'n brief van hoë waardering aan hom rig vir sy jarelange toegewyde dienste. Die U.K. waardeer die reëlings wat gemaak is in verband met die werksaamhede te Nyanje met die oog op die tydperk na sy vertrek.

Sake vloeiende uit S.A.S.K. Notule 14 Februarie 1961:

14. KONSEPREGLEMENT, BOEKWINKEL: (Blad 2 (4) (i)):

Goedgekeur.

15. VERTEENWOORDIGING VAN DIE SENDING OP DIE S.A.S.K.: (Blad 3 (iv)).

Die Vergadering besluit om aan te beveel dat verteenwoordiging vir die Buiteland en Binneland verleen word, alleen egter met adviserende stem.

Op die S.A.S.K. sal dien met volle stem die Ringsverteenwoordigers van die Moeder Kerk en die twee Sekretarisse.

3/.....

16. BUITELANDSE SENDINGTEKORT: (Blad 6 (xxxiii)):

Met dankbaarheid word kennisgeneem dat vir hierdie saak alreeds ongeveer £10,000 deur kerkrade en O.V.S.B. takke gestort is.

17. MEVR. EERW. S. PIENAAR, DEELTYDSE WERK: (Blad 7 (iv)):

Kennis geneem dat Mevr. Eerw. S. Pienaar nie as deeltydse werkster in die Sending sal optree nie. Daar sy permanent in die diens van die Munisipaliteit bly.

18. MEDIESE KOSTE IN VERBAND MET MNR. L. ROSSOUW: (Blad 7(v)):

In verband hiermee word 'n bedrag van R20-00 bewillig.

19. BRIEF AAN BUITELANDSE SENDING: (Blad 8 (xi)):

Aan al die lede van die Buitelandse Personeel is 'n brief van waardering namens die S.A.S.K. gerig.

20. BEROEPING SENDELINGE: (Blad 8 (ix)):

Kennis geneem dat al vyf persone wat met die onlangse S.A.S.K. vergadering met die oog op die Buiteland beroep is bedank het. Aan die hand word gedoen dat andere broeders genader sal word.

21. NUWE AANSTELLINGS: Mej. Bezuidenhout en Mnr. ver Straaten:

Besluit word om hierdie twee persone se applikasies te aanvaar met die oog op Kamoto Stasie se Hospitaal aangeleenthede.